Wes-Kaapse Regering
VIR JOU

BELANGRIKE KENNISGEWING

AANSOEKE WORD INGEWAG VIR BENOEMINGS VIR LEDE OM TE DIEN OP DIE RAAD VAN DIE ELSENBURG LANDBOU-OPLEIDINGSINSTITUUT

Die Wes-Kaapse Minister van Landbou nooi hiermee belangstellende partye om geskikte kandidate te benoem vir aanstelling as Raadslede van die Elsenburg Landbou-Opleidingsinstituut.

Die hoofdoel van die Raad van die Elsenburg Landbou-Opleidingsinstituut is om ondersteuning te bied aan die hoof en personeel van die Instituut en om te verseker die Instituut word behoorlik bestuur. Kandidate moet onafhanklike denkers wees, integriteit hê en ook strategiese leiding kan bied aan die Landbou-Instituut, Raad en die Minister.

Benoemings van die volgende belanghebbergroepe word gevra:
Drie (3) landboukundiges, benoem deur kommoditeitsorganisasies, landboubesighede en georganiseerde landbou.

Die benoemde kandidate moet die volgende kennis en ervaring hê:
- Finansies en/of bestuur van ‘n besigheid
- Wetgewing
- Menslike hulpbronne
- Oudit
- Infrastruktuur beplanning
- Landbou en/of landboubesigheid
- Ekonomiese en/of landelike ontwikkeling

Behalwe vir hierdie vereistes, moet hulle ook permanent in die provinsie woonagtig wees en ’n bekwame en geskikte persoon wees.

In antwoord op hierdie advertensie, moet benoemings ook aan die volgende vereistes voldoen:
- ’n Volledig ingevulde en getekende benoemingsvorm.
- ’n Skriftelike bevestiging van die benoemde dat hy/sy bereid is om as Raadslid te dien moet saam met die benoemingsvorm ingedien word.
- ’n Omvattende Curriculum Vitae van die benoemde.
- Gewaarmerkte afskrifte van die benoemde se ID, akademiese kwalifikasies, asook professionele registrasies.

Benoemdes op die kortlys moet bereid wees om finansiële en agtergrondsifting te ondergaan as voorwaarde van hul aanstelling. Aansoeke moet gemerk word vir aandag Me Zenovia Parker en gestuur word aan die kantoor van die Hoofdirekteur, Elsenburg Landbou-Opleidingsinstituut op een van die volgende wyses:

Handaflewering aan:
Elsenburg Landbou-Opleidingsinstituut
Muldersvleiweg, Elsenburg
GPS koördinate Elsenburg Hoofkantoor: 33.845259 S 18.834722 E

Of epos: zenoviap@elsenburg.com
(met die onderwerpveld duidelik gemerk: ELSENBURG KOLLEGERAAD BENOEMING).

Sluitingsdatum: 5 Mei 2022

Alle benoemings word as streng vertroulik beskou. Benoemings moet ontvang word voor of om 12:00 (middag) op 5 Mei 2022. Onvolledige benoemings en benoemings wat ná 12:00 op die gespesifiseerde datum ontvang word, sal nie oorweeg word nie. Maak asseblief seker alle verlangde dokumentasie is volledig voltooi en betyds ingehandig.

Navrae: Zenovia Parker op Tel: 021 808 7798
Nominasievorms is beskikbaar op www.elsenburg.com